

WOORDEBOEK-OEFENING vir graad 10 Afrikaans Huistaal

OPDRAG: Voltooi die onderstaande aktiwiteit (bll. 1 – 4) oor 'n verskeidenheid taalvrae in jou skryfboek.

Jy kan die meeste van die antwoorde vanaf die gegewe inligting kry.

Lees en kyk

Lees en kyk na die volgende strooibiljet. Beantwoord dan die vrae.

PHAROS

Junior tweetalige skoolwoordeboek

Die Pharos Junior tweetalige skoolwoordeboek fokus op leerders van graad 4-7 en het nuwe, unieke kenmerke om klaskamerbystand te bied. Die woordeboek bevat sowat 5000 trefwoorde en is geskik vir Afrikaans en Engels huistaal of addisionele taal. Van die kenmerke wat die gebruiker kan verwag, is:

- Voorbeeldsinne ✓
- Sinonieme en antonieme ✓
- Homonieme en homofone ✓
- Idiome en spreekwoorde ✓
- Woordverdeling en klem ✓
- Woordsoorte volledig uitgeskrif ✓
- Intensiewe vorme ✓
- Diernaam wat versamelnaam, manlike en vroulike vorme, dieregeluide en die naam van die dier se kleintjie insluit ✓
- Attributiewe vorm ✓
- Trappe van vergelyking ✓
- Meervoud en verkleiningsvorm ✓
- Deeltjiewerkwoorde en verlede tyd ✓
- Afleidings van basiswoorde met hul vertalings ✓
- Inligtingskassies met verdere inligting oor grammatika, spelling en taalgebruik ✓

Met al hierdie ekstra hulp is die nuwe skoolwoordeboek die perfekte klaskamer- en huiswerkhelp vir laerskoolleerders en hulle onderwysers.

Elana Bredell
Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap)
Posbus 879 • Kaapstad • 8000
elana.bredell@nb.co.za
Tel: +27 21 406 4234 • Faks: 021 406 4956 • Sel: 0741719490

Henk Viljoen
Streeksverkoopbestuurder: Skole (Gauteng, Mpumalana, Noordwes, Oos-Kaap en Limpopo)
Francis Baardstraat 1059, Hatfield, Pretoria, 0083
henk.viljoen@nb.co.za
Tel: +27 12 431 7460 • Faks na e-pos: 086 660 8135 • Sel: 082 5655 145

KABV-GESKIK VIR GRAAD 4-7

Beantwoord die volgende vrae oor die strooibiljet.

1. Wat is die doel van hierdie strooibiljet?
2. Wie is die teikengroep van hierdie boek?
3. Waarvoor sal jy hierdie boek kan gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord.
4. Watter twee persone kan jy kontak as jy meer inligting oor hierdie woordeboek wil hê?
5. Noem twee maniere waarop jy met een van die streeksverkoopsbestuurders kontak kan maak.
6. Waarom is hierdie woordeboek die ideale woordeboek vir leerders by die skool en die huis?
7. Maak 'n lysie van die tipe inligting wat jy alles in die woordeboek kan kry by diename.

Woordeboekgebruik

Taalstrukture en -konvensies

Die onderstaande woordeboekuittreksels kan jou help om van die daaropvolgende vrae te beantwoord.

fokus ★ (fɔ•kus) [fokusse] *abstrakte selfstandige naamwoord* (gewoonlik enkelvoud)
focus ♦ *Asemhalingsoefeninge kan jou fokus verbeter.* Breathing exercises can improve your focus.
fokus ★ [het gefokus] *hoofwerkwoord*
focus, concentrate ♦ *Advertensies fokus dikwels op mense se begeertes.* Advertisements often focus on people's desires.

junior (ju•ni•or) [juniors; juniortjie] *selfstandige naamwoord* (soortnaam)
junior ♦ *Die juniors is jonger as die seniors.* The juniors are younger than the seniors.
ANT. senior
junior *byvoeglike naamwoord*
junior ♦ *Die ouer leerders moet 'n voorbeeld vir die junior kinders wees.* The older learners should set an example for the junior children. **ANT.** senior

gr. ★ *afkorting*
[graad] gr. [grade]
graad¹ ★ (graad) [grade] *selfstandige naamwoord* (soortnaam)
① grade ♦ *Leerders in graad 7 word vir die hoërskool voorberei.* Learners in Grade 7 are prepared for high school. ② degree
♦ *Lara het 'n graad in chemie.* Lara has a degree in chemistry.

HOMOFOON graat s.nw. (beentjie van 'n vis) fishbone

graad² (graad) [grade] *selfstandige naamwoord* (soortnaam) (gewoonlik in die meervoud) **DIE TEKEN** °
① degree ♦ *"Bak die koek teen 180 grade Celsius."* "Bake the cake at 180 degrees

Celsius." ② (meetkunde) degree ♦ *Hierdie hoek is gelyk aan 60 grade (60°).* This angle is equal to 60 degrees (60°).

nuuskierig (nuus•kie•rig) [nuuskierige; nuuskieriger, die nuuskierigste] **byvoeglike naamwoord**

curious ♦ *Almal is nuuskierig om te hoor wie die kompetisie gewen het.* Everyone is curious to find out who won the competition.

nuut ★ (nuut) [nuwe; nuwer, die nuutste] **byvoeglike naamwoord**

♦ (spik)splinternuut, blinknuut, kraaknuut new ♦ *Hierdie skoene is nuut – kyk hoe*

blink hulle! These shoes are new – look how they shine! ♦ “Daar wys ’n nuwe fliek – wil jy gaan kyk?” “There is a new movie on the circuit – do you want to go?” **ANT.** oud

■ **nuweling** s.nw. (pers.) newcomer

nuwe ★ (nu•we) **byvoeglike naamwoord** (attributief). Kyk **NUUT**.

nw. afkorting (taalkunde)

[naamwoord] n. [noun]. Kyk **NAAMWOORD**, **SELFSTANDIGE NAAMWOORD**, **S.NW.**

uniek (u•niek) [unieke; unieker / meer uniek, die unieke / die mees unieke] **byvoeglike naamwoord**

unique ♦ *Suid-Afrika het ’n groot verskeidenheid unieke plante en diere.* South Africa has a great variety of unique plants and animals. **SIN.** buitengewoon

woordeboek ★ (woor•de•boek)

[woordeboeke; woordeboekie] **selfstandige naamwoord** (soortnaam)

dictionary ♦ *As jy wil weet wat ’n woord beteken, slaan dit in ’n woordeboek na.* If you want to know what a word means, look it up in a dictionary.

wag (wag) **selfstandige naamwoord** (soortnaam)

① [wagte] guard ♦ *Daar is ’n wag in die parkeerterrein wat die karre oppas.* There is a guard in the parking lot that looks after the cars. ② [geen meervoud] wait ♦ “*Jammer vir die wag – ek het u dokumente gesoek.*” “Sorry for the wait – I was looking for your documents.”

wag [het gewag] **hoofwerkwoord**

wait ♦ *Wag tot die pad skoon is voor jy oorstap.* Wait until the road is clear before you cross over.

wag ’n bietjie! wait a minute! ♦ “Wag ’n

bietjie, dis nie wat ek gesê het nie!” “Wait a minute, that’s not what I said!”

’n bietjie wag / wag net gou wait a bit/minute ♦ “*Wag ’n bietjie, ek wil net gou badkamer toe gaan.*” “Wait a minute, I just want to go to the bathroom.”

wang (wang) [wange; wangetjie] **selfstandige naamwoord** (soortnaam)

cheek ♦ *Clara het Morné ’n soen op die wang gegee.* Clara gave Morné a kiss on the cheek.

Beantwoord die volgende vrae.

1. Lees die volgende sin:

Die *Pharos Junior* tweetalige woordeboek fokus op leerders van graad 4-7 en het nuwe, unieke kenmerke.

- Skryf die voegwoord neer.
- Skryf die sin nou as twee aparte sinne neer.
- Waarom word *Pharos Junior* skuins gedruk?

- Verduidelik kortliks wat die woord *unieke* in die eerste sin in die strooibiljet beteken.
- Die woord *nuut* het meer as een intensiewe vorm volgens die woordeboekuittreksel.

Skryf dit neer.

4. Skryf 'n woord uit die woordeboekuitsnede neer wat **dieselfde betekenis** het as *uniek*.
5. Gebruik die woordeboekuitsnede en beantwoord die vrae.
- a) Verdeel die woord *skoolwoordeboek* in **lettergrepe**.
 - b) Skryf 'n woord neer wat die **teenoorgestelde betekenis** as *junior* het.
 - c) Skryf die **korrekte vorm** van die woord tussen hakies neer.

Die (jonk) seun is (oud) as sy klasmaat.

6. Skryf die **volle woord** neer van die volgende afkortings wat in die strooibiljet voorkom. Gebruik die woordeboekuitsnede.
- a) Tel.
 - b) Faks.
 - c) Sel

7. Skryf die korrekte **afkorting** vir die skuinsgedrukte woorde neer:

Pharos a) *Junior* tweetalige b) *woordeboek* is geskik vir c) *Afrikaans* en d) *Engels* vir leerders in e) *graad 4–7*.

8. Skryf die syfers **volledig in woorde** uit.

Die woordeboek fokus op leerders van graad **4** tot **7** en bevat sowat **5 000** trefwoorde.

9. Die woord *wag* kan twee verskillende betekenisse hê.
- a) Kies die korrekte antwoord. Hierdie tipe woorde staan bekend as (homofone/homonieme/sinonieme/antonieme).
 - b) Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd: *Hy wag al baie lank vir sy koffie*.

10. Lees die volgende sin:

Die korrekte **verkleinwoord** vir die woord *wang* is ...

- a) wangekie
 - b) wangkie
 - c) wangetjie
 - d) wangtjie.
11. Skryf die korrekte verkleining vir die woorde neer.
- a) Junior
 - b) woordeboek.
12. Maak 'n sin met die **homofoon** van die woord *graad*.